2019 Pinocchio projek

Rietvallei se Omgee projek vir 2019 is tydens ons onlangse AJV goedgekeur en gaan in samewerking met Helpende Hand as die ***Pinocchio projek*** bekend staan.

Pinocchio kleuterskool het tans 10 babas en 13 peuters (1-2 jariges) asook heelwat kleuters wat daagliks versorg word. Hierdie kindertjies kom uit baie arm ouerhuise en die kleuterskool benodig klere ens om gedurende die dag te gebruik.

Hierdie komende projek gaan dus nie net oor breiwerk nie en ALMAL kan dus vrywillig deelneem. Bydraes kan enigiets insluit wat kinders tussen die ouderdomme 2maande en 6jaar benodig, met die volgende as riglyn:

- Breiwerk (truitjies, mussies, “booties”, gebreide speelgoed ens);
- Klere (“Baby-grows”, sweetpakkies, kort- en lang broekies, onderklere, rokkies, kouse ens);
- Nagklere;
- Kombersies;
- Baba doeke; en
- Sagte speelgoed.

Jul kan ook goeie tweedehandse klere en sagte speelgoed ens bymekaarmaak (vra jul kinders om die kleinkinders se goed te skenk).

Ons beoog om die projek tydens Maart 2019 te voltooi vir oorhandiging vroeg April 2019. Bydres (items en of kontant) kan by enige bestuurslid ingedien word, of kontak my (tjaartjk@absa.co.za / 082 785 6895).

Kom ons begin bymekaarmaak sodat ons weereens ‘n suksesvolle Omgee projek mag hê.

Groete

Tjaart